Preek in Primrose-Heuwel, 6 Junie 2002

By geleentheid van die 50ste viering van die bestaan van die gemeente

Deel van ‘n Nagmaalsdiens

Opstandingsgeloof: Dans op die wrak

LUKAS 24:13-35

‘n Goeie vriend van my, dr Wilhelm van Deventer, wat vir 17 jaar predikant van die Venda-gemeente, Tshilidzini, was, vertel die verhaal van hoe hy een Sondag ‘n buiteposdiens in die landelike Venda gehou het. Dit is ‘n warm Sondagmiddag. Wilhelm is besig met ‘n diens in ‘n vervalle kerkgeboutjie. Dit is warm en terwyl hy besig is om die nagmaalsdiens te lei, kyk hy deur die gebreekte glasruite na buite. Buite is die toneel verlate. ‘n skoongeveegde kerk-erf. Alles is verlate op die warm middag. Daar eenkant op die kerkgrond lê ‘n ou motorwrak. Geroes en gestroop. Dan kom daar ‘n kind van iewers af aangedrentel. Bekyk die ou wrak, loop om dit en klim dan bo-op. Hy begin eers sy voete bietjie rondskuif en dan, met ‘n ritme wat hy in sy kop het en musiek in sy lyf, begin die seuntjie om te dans op die wrak…

Wilhelm vertel dat die beeld by hom vasgesteek het en later toe hy daaroor nadink, het hy besef dat dit vir hom ‘n wonderlike beeld is van die kerk. Om kerk te wees, beteken om te dans op die wrak. Die kerk is soos die kind wat dans op die wrak. Daar is eintlik geen rede om te dans nie, behalwe vir die ritme, die musiek, die blyheid wat van binne kom.

Die kerk se geskiedenis loop altyd op twee lyne. Die een verhaal vertel van die wrakke. Die kerk bestaan in ‘n gebroke wêreld. Die wrak-storie is nie net buite die kerk nie,maar

ook binne. Maar daar is altyd ook ‘n die dans-verhaal. Van Iewers af klink daar musiek in die kerk se ore wat maak dat sy kan dans op die wrak. Somtyds gaan dit sleg en dan sit sy meer en treur op die wrak, maar as die opstandingsgeloof haar beetpak is dit soos ‘n ritme in die gebeente en dan kom daar ‘n dans. ‘n Dans wat nie logika het nie, wat nie gegrond is op omstandighede nie, maar wat van binne af kom.

Dis presies ook wat met die Emmausgangers gebeur het. Hulle reis na Emmaus was soos deel van die wrak-storie. Hulle het somber gesigte en hulle loop en praat hulleself in die moedeloosheid in oor alles wat gebeur het. Hulle is soos iemand wat op ‘n wrak sit en huil. Maar dan kom daar ‘n wending. En uiteindelik eindig die Lukas-verhaal met ‘n dans-storie.

Hoe gebeur dit? Wat bring die verandering in die reis en op die gesig? En as ons dan op die reis terugloop, maak ons verrassende ontdekkings:

- Dit is ‘n verskriklike gewone reis waarop niks buitengewoon gebeur het nie. Die doodgewone ding van iemand wat kom saamstap en sy insigte met hulle deel, was wat hulle ervaar het.
- ‘n Interessante en baie ordentlike vreemdeling het met hulle kom saamstap. Hy vra nie of hy by hulle kan oorbly nie, hy maak of hy wil verby hou.
- Hulle lê bietjie menslikheid aan die dag en nooi hom binne. Gasvryheid aan ‘n vreemdeling.
- Hulle haal ‘n bietjie kos, ‘n stuk brood uit die kas.
- Toe gebeur iets baie snaaks. Hy gedra hom nie soos ‘n gas nie. Meteens neem hy die rol van die gasheer in en bedien die mense in hulle eie huis. Dit word die keerpunt waar hulle meteens besef hulle het die Here in hulle huis. En dit maak die verskil. Dit maak dat hulle terugreis heeltemal anders is as hulle heenreis.

As ons Primrose-Heuwel se geskiedenis sou vertel, dan sal dit ‘n verhaal wees van wrakke en van danse. Daar is hartseerstories. Daar was dae dat dominees en kerkraadslede en lidmate met somber gesigte geloop het. Dae van skande en skaamte. Maar die geskiedenis van die gemeente is ook ‘n geskiedenis van dans op die wrak. Baie mense wat deel is en was van hierdie gemeente sou kon vertel van onverwagte wendinge. Daardie verrassende ontdekking wat ‘n mens soms maak, dat die Here hier is. Daardie drang, die begeerte wat soms net op ‘n onverklaarbare manier oor mens kom om te dans op die wrak. Om nie onder gekry te word deur omstandighede en negatiewe gebeure nie.

Uit my eie geskiedenis in Primrose-Heuwel, kan ek die storie van Ixie Boshoff vertel om hierdie opstandingsgeloof te illustreer. In die tyd wat ek hier predikant was (1975-1978) het die kanker wat 10 jaar te vore by haar gediagnoseer was, weer hervat en sy was onder voortdurende chemo-terapie. Sy was bekend in die gemeente as iemand met ‘n onwrikbare humorsin. Ek onthou hoe ek haar besoek het ‘n paar dae voor haar dood. Sy was reeds deurtrek van die kanker, toe daar ook nog ‘n sekondêre probleem opgeduik het: bloedklonte het in haar bene begin vorm. Die oggend toe ek by haar was vertel sy my daarvan en sê sy het eers gewonder of dit nou die moeite werd is om haar vir bloedklonte te behandel terwyl sy in elk geval op pad is om te sterf. “Maar”, sê sy toe, “ek het maar besluit hulle moet maar behandel want dit sal darem ‘n antiklimaks wees as ek nou na alles aan ‘n bloedklont moet doodgaan”!

Dit is om te dans op die wrak en dit is net die opstandingsgeloof wat dit in ‘n mens kan bewerkstellig.

Die toets vir die opstandingsgeloof is nie geleë in die presies korrekte formulering van wat daar gebeur het toe Jesus opgestaan het en hoe dit wetenskaplik verduidelik of nie verduidelik kan word nie. Die toets vir ons opstandingsgeloof is of dit ons aan die dans kry op die wrak.

As ons vanaand die nagmaal vier by die 50ste verjaardag van die gemeente, dan omhels ons daarmee die Heer wat lewe in sy kerk. Mag dit ons opnuut aanspoor in inspireer om te midde van die wrak-stories in ons eie lewe en in die lewe van die kerk, te dans op die ritme van die goeie nuus van die evangelie.

Amen